

26 Oktober

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-14 (OAV)

Fokusgedeelte: Handeling 1:8

Kragvolle getuies

Daar word nogal baie gekla dat die kerk dood is. Verskeie oplossings word aangebied om die kerk weer lewendig te kry.

As die Gees in die kerk woon, dan lewe dit. Hoe lyk die lewende kerk waarin die Gees woon, volgens Christus? Hy sê: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees ...” Die belofte van die Here is dus dat daar krag en getuienis van die kerk sal uitgaan omdat die Heilige Gees daarin woon. Die kerk is die liggaam van Christus waarvan ons bely (HK, antw 54) dat “ek daarvan ’n lewende lid is en ewig sal bly.” Enige pyl van kritiek wat ek op die kerk afskiet, moet my dus eerste tref. Gaan daar krag van my uit? Die woorde *dinamiet* en *dinamo* kom van die Griekse woord vir *krag*. ’n Dinamo verskaf ligkrag; dinamiet besit plofkrag.

Ons moet dus ’n kragbron wees wat lig in hierdie wêreld versprei. “Julle is die lig van die wêreld.” Die Gees bring plofkrag. Die plofkrag van die geloof moet mure van weerstand afbreek, sonde en eiegeregtigheid verwoes, louheid en koudheid vernietig.

As ons so deur die krag van die Gees getuies is van Christus se versoeningswerk, wek ons die haat en nyd van Satan en die wêreld teen ons op. Kyk, die woord *getuie* kom van die Griekse woord vir *martelaar*. Ons moet bereid wees om alles, selfs ons lewe op te offer vir die saak van die Here. Daaruit sal blyk dat die kerk nie dood is nie, maar lewe deur die krag van die Gees.

Sing: Skrifberyming 14:2 Ds W de Vos (Emeritus)